BabyGym® Institute South Africa

SUKSES stories

Mamma en Pappa ry moeiteloos 120km ver om BabaGim® by te woon

Tweeling, Zia en Willem-Jan

Zia en Willem-Jan is op 30 weke gebore. Met hul gesondheid en vordering was daar geen probleme nie. Hulle ouers, Riaan en Marlize, het van BabaGim® gehoor en het die waarde en voordeel wat daar in die program vir hulle kinders is, besef en hulle het my genader. Die feit dat hulle dit beslis met hulle twee kleintjies wou doen, was 'n uitgemaakte saak, maar hulle het ± 120 km vêr gewoon en ons moes datums en tye kry wat hulle sou pas om die pad aan te durf. Ons het besluit op 'n Saterdagoggend 9 uur en hulle het vroeg gery om betyds vir elke klassie te wees. Vir Pappa Riaan was dit geen probleem om BabaGim® saam met ons vrouens en babatjies te kom doen nie.

Hulle het elke Saterdag vir die 5 weke na my gekom en baie entoesiasties die klassies bygewoon. Ek kon sien dat dit 'n betrokke Pappa en Mamma is en hulle was gretig om kennis en inligting in te win en het baie opgewonde saam gedoen met die tweetjies. Week 1 se massering was maar 'n tranedal en gestoeiery, maar dit het net al hoe beter geraak. Selfs week 2 waar ons lekker gedans het, het hulle dit met oorgawe gedoen. Iets wat vir my baie kenmerkend was dat ouerpaar Riaan en Marlize die waarde van magie-tyd besef het en dat Zia en Willem-Jan vinnig baie gemaklik was om op hul magies te lê wat so belangrik is vir hulle ontwikkeling.

Met die verloop van die 5 weke wat hulle my besoek het kon ek duidelik sien hoe vorder Zia en Willem-Jan. Hulle is nou 9 maande en Zia en Willem-Jan het tot op datum al die nodige mylpale bereik vir hulle ouderdom. Zia kruip lekker sterk en Willem-Jan volg haar so seil-seil. Nie vêr agter sy sussie nie.

Die feit dat Zia en Willem-Jan op 10 weke se breinstimulasie in die baarmoeder uitgemis het, het hulle nie terug gehou nie. Met toegewyde ouers wat BabaGim® met hulle getrou doen, hoef hulle vir geen vol termyn babatjie wat so oud is soos hulle terug te staan nie.